Hugenote Hoërskool

COVID-19 BELEID

I – Hantering van leerders met komorbiditeite

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	I – WKOD Riglyn: Hantering van leerders met komorbiditeite	
I – WKOD Riglyn	Uitgereik: 23 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

_____

BK Schreuder
Datum: 23 Mei 2020

I – HANTERING VAN LEERDERS MET KOMORBIDITEITE

1. Doel

Om leiding aan prinsipale en skoolbestuurspanne (SBSe) van die Wes-Kaap Onderwysdepartement te bied oor hoe om leerders met komorbiditeite te hanteer.

2. Omskrywing van komorbiditeite

Daar is baie omskrywings van komorbiditeite. Vir die doel van hierdie riglyn word 'n komorbiditeit beskou as 'n chroniese gesondheidstoestand of 'n meewerkende siekte wat saam met die impak van Covid-19-voorkoms, die siekte kan vererger.

3. Stappe wat geneem moet word

3.1. Skole moet alle leerders met komorbiditeite identifiseer. (Sien asseblief Bylae I (A)).

3.2. Prinsipale moet aan die ouers van sulke leerders skryf (sien asseblief Bylae I (B)) en hulle die opsie bied om vir die volgende paar maande toesig te hou oor hul kinders se tuisleer totdat die pandemie afneem.

3.3. Indien ouers nie tot hierdie verantwoordelikheid instem nie, moet die leerders terugkeer skool toe.

3.4. Indien ouers die aanbod aanvaar om oor tuisleer toesig te hou, moet hulle die aangehegte aanvaardingsvorm (Bylae I (C)) onderteken en na die skool terugstuur vir rekordhouding.

4. Verantwoordelikhede van ouers

4.1. Ouers van kinders met komorbiditeite moet instem om toesig te hou oor die daaglikse leer van hul kinders tuis, insluitend die daaglikse werk en werkopdragte, en die aanvaardingsvorm (Bylaag I (C)) onderteken.

4.2. Ouers moet verseker dat daar 'n bevorderlike leeromgewing vir die leerders tuis is. Dit sal leerruimte, hulpbronne, ens. insluit.

4.3. Ouers moet verseker dat alle werk en werkopdragte, soos deur die skool verlang, by die skool afgehaal en afgelewer word.

5. Verantwoordelikhede van die skool

5.1. Onderwysers moet daagliks of weekliks werk vir sulke leerders voorberei en dit aan die ouers – leerder beskikbaar stel.

5.2. Onderwysers moet die werk of werkopdragte ontvang, dit nasien en aan die leerder terugstuur.

5.3. Onderwysers moet met die ouers skakel om reëlings vir die nodige assesserings te tref.

5.4. Die skole en ouers sal in kennis gestel word wanneer hierdie konsessie tot 'n einde moet kom.